# Tafnuus: Junie 2026

## Beste Tafelberg-Fotografieklub,

Dit was winderig en stormagtig in die Kaap gewees die afgelope maand. Gelukkig kon die klub uitstappie na die Bo-Kaap in goeie weer plaasvind. Dankie aan Taariq Levack vir sy uitstekende leiding en entoesiasme. Die uitstappie was duidelik pret en vol mooi portret en argitektuur moontlikhede.

Die Tafsalon is binnekort finaal klaar met die AV's wat vroeg Julie uitgestuur word. Dankie aan Theo Potgieter daarvoor. Weer eens dankie aan elkeen wat betrokke was. Dit was 'n wonderlike spanpoging.

Onthou om in te skryf vir die PSSA se JAP program vir beoordelaarsopleiding asb!!

1. **WEN-FOTO'S van Junie 2026. Hartlik geluk aan die wenners. KATEGORIE Natuur - Voëls. Beoordelaar Quintus Heine:**

Dankie aan Quintus Heine vir sy goeie terugvoer en entoesiasme!!!

| | |
|---|---|
|  |  |
| **In Stuifmeel wolk: Adriaan van Zyl**<br><br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Byevretertjies twis oor landingsreg: Karen van Zyl**<br>**Naaswenner: Vaste kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Dust storm in the Kgalagadi: Arnold van Dyk**<br><br>**Wenner: Oop kategorie** | **Colours of Light 3: Christo Giliomee**<br><br>**Naas wenner: Oop kategorie** |
|  | |
| **Breakfast in the making : Herbie Hellstrom**<br>**Junior Wenner** | |

## 2. Julie 2026: BYEENKOMSTE

- Die maand se klubkompetisie vind plaas op die **<u>21ste Julie</u>** en die sluitingsdatum vir inskrywings is die **<u>15de Julie.</u>** Die byeenkoms gaan slegs geZoom word.

- **Andre de Koker** van Napier is ons Julie beoordelaar. Hy is een van Tafklub se Meester fotograwe en het 'n goeie kuns oog.

- **<u>Kompetisie Tema vir Julie</u>**: **<u>Toeteldier fotografie. Aksie foto of portret fotografie vlg PSSA reëls. Manipulasie word toegelaat.</u>**

- **Vaardigheid - 7de Julie : KEN JOU KAMERA: NIKON of CANON.** Dinsdagaand by Logos ***slegs in persoon aanbieding*** deur Fritz van Zy, wat soos die meeste van ons weet, 'n kundige is wat sy kameras en lense baie goed ken. Die aanbieding begin om 19h00 en Niël Goslett gaan die aand leiding neem. **Kom woon asb by. As ons minder as 10 persone is gaan ons die geleentheid tot 'n latere datum uitstel.**
- **Uitstappie: 26 Julie na Rhodes' Old Zoo, Rhodes Memorial & Mostert's Mill.**

Verdere inligting sal verskaf word via WhatsApp.  Daar sal weer 'n groepie gestig word vir die lede wat aandui dat hulle sou belangstel om hierdie uitstappie by te woon.

- **Wes Kaap Fotografie Forum - mini kongres:** Onthou om te bespreek vir die naweek van die 4de tot 6de September 2026. Ons het nie 'n eie weg naweek hierdie jaar nie en ondersteun graag die Tulbagh naweek waar daar ook 'n Interklub kompetisie gaan wees. TAF is deel van die reëlingskomitee. Quintus Heine is die voorsitter.

| **Naam** | ***TAF 15th print salon*** | ***Sandton Nat salon*** | ***4th Kosmos salon*** |
|---|---|---|---|
| Neels Beyers * | 4 | 1 | 1 |
| Hendi Barnard | 3 | 1 | 3 |
| Esme Bruwer | 2 | | 1 |
| Amanda du Toit | 4 | 3 | 1 |
| Tielman du Toit | 3 | 1 | |
| Christo Giliomee | 2 TAF brons medalje | 6 1 Meriete PSSA Medalje wenner | 9 2 Merietes PSSA Medalje wenner |
| Niël Goslett | 12 1 Meriete | | |
| Quintus Heine | 4 | | 4 1 Meriete |
| Juliane van Dyk | 12 | 6 | 8 |
| Adriaan van Zyl | 10 2 TAF brons medaljes | 11 | 8 Medalje naaswenner |
| Karen van Zyl | 11 1 TAF brons medalje | 5 | 9 |
| Theo Potgieter | 4 | 4 Club medal | 3 2 Merietes |
| Mariana Visser | 5 | | |
| Arnold van Dyk | 9 2 TAF brons medaljes | 12 1 Meriete | 10 |
| Sonja Myburgh | 10 1 Meriete 1 TAF brons medalje | 5 2 Merietes | 9 |
| Charmaine Venter* | 2 | 4 Club Medal | |
| Elmarie Smedema | | | 1 |
| Fransonette Swart | | 1 | |
| Eurica Scholtz | | 2 | 2 |

*Dui lede aan waar Tafklub nie hul hoofklub is nie.

## 3. KLUB PRESTASIES:

**Uitslae van PSSA Salonne:**

**Welgedaan aan bogenoemde en onderstaande lede met pragtige prestasies. Ons is tans 3de op klub vlak in die land, en eerste in die Wes Kaap!!! Wel gedaan Taffies! Doen so voort. Daar kan nog veranderinge plaasvind tot die einde van Junie wanneer die Impala kompetisie sluit, veral oa. met Magalies klub se uitslae wat nog moet uitkom.**

Taflede se PSSA Honneurs prestasies:

- **Adriaan van Zyl DPSSA in Ope Kleur**
- **Sonja Myburgh DPSSA in Natuur**
- **Arnold van Dyk DPSSA in Natuur**
- **Juliane van Dyk DPSSA[CLS] in Ope Kleur**

Taflede ster status bevordering:

- **Amanda du Toit 4 ster senior fotograaf.**
- **Hendi Barnard 4 ster senior fotograaf.**
- **Gerhard Kroukamp 3 ster junior fotograaf.**
- **Elmarie Smedema 2 ster junior fotograaf.**

**4. Laastens: 'n Vriendelike herinnering: ons is 'n wonderlike, sosiale, Afrikaanse fotografieklub waar fotografie ons passie, maar ook ons plesier is. Ons deel graag ons kundigheid, maar respekteer mekaar en tree met vriendelikheid, positief en met oorleg op teenoor medelede. Indien iemand verskil oor 'n saak, stuur gerus 'n skrywe aan die komitee en ons probeer dit hanteer. So groei ons saam van sterkte tot sterkte!**
**Baie dankie aan elke lid!**

Vriendelike Groete

Juliane van Dyk